# Graad 9

**Die Cape Town Holocaust and Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV ( CAPS ) onderwerp dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek, opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

**Eenheid 3**

- Opkoms van Nazi-Duitsland as 'n rassistiese staat:

Deel 2

Teen die einde van die eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met:

1. Hoe die Nazi's propaganda gebruik het om die bevolking van hul idees te oortuig
2. Hoe die Nazi's wette gebruik het om hul rassistiese ideologie te onderskryf
3. Hoe mense reageer het

**Ideologie : Nazi Wêreldbeskouing**

| | |
|---|---|
| "Minderwaardig'' | deur bloed |
| Jode | Bloed bevat ''bakterieë'' |
| Roma | Het "kriminelel" bloed |
| Mense van kleur | Het "onsuiwer" bloed |
| Gestremdes | Bloed is ''siektedraend'' |

In Eenheid 2 kyk ons hoe die Nazi's minderwaardigheid toeskryf aan bloed. Die Nazi's glo dat dat hulle ''suiwer'' Ariër bloed het en dat alle ander mense se bloed minderwaardig was.Hulle bloed moes nie met minderwaardige bloed gemeng word nie. Hoe skep hulle die sondebok?

Hulle kategoriseer mense gebaseer op hulle bloed.

Die Nazi's glo dat Joodse mense ''Joodse'' bloed het end at dit die slegste, gevaarlikste bloed was.

***STAPPE OM 'N SONDEBOK TE SKEP EN DIE BEVOLKING TE OORTUIG***

- **KATEGORISEER – OP DIE BASIS VAN BLOED**
- **PROPAGANDA VELDTOGTE**
- **AANVAAR WETTE – SOSIAAL**
  **EKONOMIES**
  **OPVOEDING**
- **SKEIDING**
  **ISOLEER**

# KATEGORISEER DEUR BLOED

Die kategorisasie is alreeds bespreek.Kinders word hierin onderrig deur tabelle wat aandui wie se grootouers Joods was, hoeveel van jou grootouers het Joodse bloed gehad en hulle leer ook van rasse-wetenskap, wat vals is, in skole .






# Propaganda Veldtogte

**PROPAGANDA: gebaseer op misleidende informasie om ‘n politieke agenda of wêreldbeskouing te bevorder**


***Propaganda wat fokus op die jeug was baie belangrik vir die Nazi’s.Hulle laat die kinders op ‘n jong ouderdom in hul ideologie glo.Hoekom, dink jy, het hulle dit gedoen?***




- Die Nazi’s publiseer boeke vir kinders. Beeld 1 is ‘n boek genoem ’’The Poisonous Mushroom’’. Die giftige sampioene in die boek stel die Jode voor, wat vermy moet word omdat hulle ‘’giftig en gevaarlik’’ is

- Bordspeletjies word ontwerp. Beeld 2 is ‘n speletjie genoem ‘’Judenraus’’: ‘’Raak ontslae van die Jode!’’ Jy sou die speletjie wen indien jy ses of meer Jode uit Duitsland verwyder.
- Sogenaamde suiwer Duitse jeug moes aansluit by die Nazi’s se jeug-bewegings: Hitler Youth vir die seuns en die League of German Girls vir die meisies (Beeld 3)
- Die jong mense word gedurig aan propaganda blootgestel om hulle te oortuig dat die wêreld sou oorheers. Hulle moes ook van alle Jode ontslae raak. Seuns word opgelei as soldate en meisies as huisvrouens en moeders.
- Die skoolleerplan onderskryf hiedie idees.
- Wanneer die Nazi’s aan bewind kom, word die jeug jaar na jaar onderrig in hierdie ideologie.( Beeld 4)

***Om volwassenes in hul propaganda te laat glo was net so belangrik vir die Nazi’s. Hulle het alle beskikbare vorms van media aangewend om hul doel te bereik.***




***Watter vorms van  media was destyds beskikbaar ? Plakkate, tydskrifte, koerante, radio’s en politieke byeenkomste***


- Beeld 1 verbied mense om vriende te wees met ‘’swart’’ mense anngesien dit hul rasse-trots sou afbreek.

- Beeld 2 – die voorblad van ‘n tydskrif beeld die ideale Duitse familie uit : ‘n sterk, gespierde man met sy vrou en kind. Hulle het blonde hare en blou oë. Hy kyk na die ooste,waar hy land sou verower. Hulle sou hul familie uitbrei om die verowerde gebiede te bevolk. Die arend in die agtergrond is die simbool van oorlog.

- Beeld 3 – ‘n politieke byeenkoms waar almal dieselfde liedere sing, saam marsjeer, rassistiese slagspreuke uiter,die Nazi-saluut uitvoer- dit beklemtoon dat hulle saamstaan en om te verskil nie aanvaarbaar is nie.

- Beeld 4 –radio’s was gratis uitgehandig aan nie-Joodse Duitsers. Propaganda programme was deurentyd uitgesaai. Joodse mense was nie toegelaat om radio’s te hê nie.

# Aanvaarding van wette affekteer mense se lewens op 'n sosiale, ekonomiese en opvoedingsvlak




Wette was aanvaar om mense van mekaar te skei.

- <u>Beeld 1</u> : Daar was aparte banke vir Jode en ''Ariërs''.Hierdie foto dui aan dat die bank slegs vir Jode is : Nur fur Juden.Die dametjie op die bank bedek haar gesig. Hoekom, dink jy, doen sy dit?
- <u>Beeld 2</u>: Jode was nie meer toegelaat op strande nie. Nordeney, 'n stranddorpie wat vir jare besoek was deur Jode, se teken sê nou: Judenfrei- Vry van Jode.
- <u>Beeld 3</u>: 'n Universiteitskampus –Joodse professore en student was uit universiteite verwyder en verban. Hulle was toegang verhoed volgens wet.Joodse kinders en onderwysers is ook uit publieke skole gegooi.
- <u>Beeld 4</u>: Joodse winkels en sake-ondernemings is duidelik aangedui deur die Ster van Dawid en die woord: Jude.Sogenaamde suiwer Duitsers was nie toegelaat om die besighede te ondersteun nie.

Stap vir stap het die Nazi's die Joodse gemeenskap in Duitsland geïsoleer.

## Nuremberg Wette 1935

### “Wet van die Reich Burger”

Ontneem Jode van hul burgerskap- beskryf hulle as ‘’onderwerpe van die staat’’

### “Wet vir die beskerming van Duitse bloed en eer”

Verbied huwelike of intieme verhoudings tussen Jode en Duitse burgers met ‘’suiwer’’ bloed.

Die Nuremberg-wette, so genoem omdat dit verklaar en aanvaar was in die stad van Nuremberg, implementer twee van meer as 400 wette wat lewe in Duitsland baie moeilik maak vir die Joodse bevolking.

- Die Wet van die Reich Burger verwyder die burgerskap van die Jode in Duitsland. Hulle het geen regte in die land nie. Die regering en lede van die bevolking kon hulle op enige manier behandel, en hulle kon nie terugval op die wetreg nie.
- Die Wet vir die Beskerming van Duitse bloed en eer verbied huwelike en intieme verhoudings tussen Jode in Duitsland en nie-Joodse burgers.Dit lei tot verdere skeiding en isolasie van die Joodse gemeenskap in Duitsland.

- Aangesien baie Jode en Christene in Duitsland oor die jare met mekaar getrou het , het hierdie wet hul situasies onaanvaarbaar en moeilik gemaak.

# Isolasie – Skeiding – Emigrasie

<u>Hoe het die Joodse mense op hierdie wette gereageer?</u>
Hulle het prober om Duitsland te verlaat.

- Alhowel die Nazi's van die Jode ontslae wou raak , het hulle dit nog steeds moeilik vir hulle gemaak om te emigreer.
- By die Evian-konferensie in Frankryk, bygewoon deur 32 lande, weier al die lande om meer Joodse immigrante in te neem.Slegs die Dominikaanse Republiek was bereid om 'n seker aantal te aanvaar.
- In die strokiesprent sit 'n Joodse man in die midddel van 'n swastika.Dit dui aan , deur die woord ''Go'' in alle rigtings dat hy nêrens welkom is nie. Aan die einde van die aardbol vind ons die woord ''Stop''.
- 'n Voorbeeld van hoe die Jode toegang tot lande geweier was, was die St Louis. Hierdie skip het meer as nege-honderd passasiers aan boord gehad.
- Hulle het almal landingsertifikate vir Kuba gehad.Met hulle aankoms in Kuba weier die regering egter om hulle te laat afklim en die skip moes omdraai.
- Die kaptein besluit om na Florida in Amerika te seil. Die Amerikaanse regering weier egter ook om die passasiers te laat afklim.
- Die skip, met al die passasiers aan boord, gaan terug na Duitsland.Gelukkig het lande in Wes-Europa meeste van die passasiers ingeneem, vanwaar hulle na lande soos Switserland gereis het. 254 van hierdie Jode het in die Holocaust gesterf.

## EMIGRASIE


Mense staan tou vir visas om Duitsland te verlaat






Julie 1938
Evian Konferensie

MEI 1939 – St Louis



Op 9 en 10 November 1938 voer die Nazi's 'n landwye, beplande oproer teen die Jode uit. Joodse winkels, sinagoges en huise word aangeval, geplunder, verbrand en vernietig.


Ongeveer 30 000 Joodse mans word gearresteer en na tronke vervoer, slegs omdat hulle Jode is. Die gebeurtenis staan bekend as Kristallnacht( The Night of the Broken Glass).

Baie mense het aanskou hoe die mans weggeneem was. Talle anders was toeskouers wat die verbranding van sinagoges en huise aanskou het. Die brandweerdienste was beveel om slegs die huise van ''suiwer'' Duitsers te beskerm.

Joodse mans, vrouens en kinders is aangeval en vermoor. Meer as 100 Jode het in hierdie oproer gesterf.

Hoekom, dink jy, het die toeskouers niks gedoen om die mense te help of om die brande te blus nie?

## KRISTALLNACHT : 9 EN 10 NOVEMBER 1938



***VRAE***

1. Hoekom, dink jy, wou die Nazi's hê dat kinders in hul ideologie moes glo?
2. Noem 3 dinge wat die Nazi's gebruik het om die Jode in Duitsland uitgeworpenes te maak?
3. Verskaf 'n rede waarom die lande by die Evian-konferensie nie Joodse vlugtelinge of immigrante uit Duitsland wou toelaat nie?
4. Kyk na die foto's van Kristallnacht: daar is 'n brandende sinagoge en mans wat deur die strate gemarsjeer word.

a) Wat doen die toeskouers in die foto's?

b) Hoekom, dink jy, tree hulle op die manier op?

**ADDISIONELE HULPBRONNE**

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org
https://www.yadvashem.org/yv/en/exhibitions/kristallnacht/index.asp

ushmm.org
https://www.ushmm.org/learn/timeline-of-events/1933-1938/kristallnacht